

# Saterdag 7 Augustus

Skrifgedeelte: Job 9-10

Fokusgedeelte: Job 9: 33-34

## Wíe kan tussen ons en God staan?

Job soek nog voort na die waaroms van sy lewe. Hy besef die Here se mag en krag – dit is net die Here wat kan skep en die natuur kan beheer. Saam met dit besef Job: Maar hoe kan 'n mens sy saak teen God stel? Maak nie saak of hy skuldig of onskuldig is nie, as hy voor God verskyn, is hy magteloos. Hy sal nie sy saak kan stel nie, hy sal verstriek raak in sy woorde. Selfs al kan hy voor God verskyn, hoe kan hy God bevraagteken? Job verwoord hier dus die diep behoefte aan 'n Middelaar, iemand wat tussen hom en God kan staan en sy saak met God versoen. As daar maar net so iemand was? In die Nuwe Testament word hierdie behoefte van Job dan 'n werklikheid, vir ons ook. Jesus Christus is die Middelaar wat die verhouding herstel en die straf op Hom neem. *“Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd”* (1 Tim. 2:5-6).

Hoe wonderlik is dit dat ons nou vrye toegang tot die Here het deur Christus as ons Middelaar. Al is ons skuldig, kan ons nou deur Jesus Christus onskuldig voor God verskyn. Wanneer jy ook al moedeloos is, hartseer, terneergedruk, worstel met die waaroms van jou lewe – onthou die Heilige Gees staan ons ook by in ons swakheid (Rom. 8:26). Waarna Job gesmag het, het vir ons 'n werklikheid geword! Leef dit uit!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3*

*Ds. ID de V Potgieter (Danie) (Rietvallei)*